

1 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 14:21-28

Gemeentebou

Nadat hulle die evangelie in Derbe verkondig het (vers 21), sien ons dat Paulus en Barnabas weer op hulle spore terugkeer. Hulle besoek Listra, Ikonium en Antiogië. Daar is drie redes waarom hulle ondanks noue ontkomings dieselfde stede weer besoek.

Eerstens was dit Paulus se sendingstrategie om opvolgbesoeke aan pasgestigte gemeentes te bring. Paulus se sendinghart noop hom om die gelowiges, omring deur 'n see van heidendom, geestelik te versterk en aan te moedig om in die geloof te volhard (vers 22).

Tweedens het gemeentebou vereis dat die geestelike organisasie op vaste voet sal wees. Vers 23 vermeld dat ouderlinge gekies is, dat hulle gebid en gevas het en dat die apostels hulle aan die Here opgedra het. Bekwame en toegeruste gemeenteleiers is vandag nog net so belangrik om te verseker dat gelowiges se band met die lewende Here vasgemaak word.

Derdens keer Paulus terug na hierdie moeilike gebiede omdat hy nie bang is vir wat mense aan hom kan doen nie. Hy het die regte perspektief op vervolgings omdat hy hulle sien as deel van sy navolging van Christus. Om in Christus se heerlikheid te kan deel, moet ek en jy ook in sy lyding deel. Lewe ons nie te veel in die waan dat die Christelike pad sonder gevare is nie? Volharding in die geloof is ook vandag geen oorbodige luukse nie! Volharding lei na die verheerliking, die oorwinning. Dan eers is die stryd verby en ontvang jy die kroon van geregtigheid.

Sing: Psalm 74:15

Prof F Denkema (Potchefstroom)